NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

11 Februarie 2026

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Ringskribas
Gemeenteskribas

**OMSENDSKRYWE NR 4/2026**

Geagte broers en susters

## SAMEWERKING, SAMESMELTING OF ONTBINDING VAN GEMEENTES: KONTROLELYS

Die Moderamen het by hul vergadering gehou op 6 Februarie 2026 gesprek gevoer oor die prosesse wat gevolg word wanneer gemeentes samewerkingsooreenkomste wil sluit, oorweeg om met mekaar saam te smelt of om te ontbind.

Sulke prosesse moet altyd in oorleg met die ringskommissie aangepak word. Predikante en ringskommissies moet verder kennis neem dat hierdie prosesse in die Kerkorde (Ordinansie 2.7 tot 2.9) gereël word, en u word opgeroep om te verseker dat al die kerklike prosesse korrek gevolg word.

Om gemeentes en ringskommissies met hierdie prosesse te help, word die aangehegte dokument as riglyn aangeheg. Dit gee 'n chronologiese volgorde vir die stappe wat in elke geval gevolg moet word, met verwysing na die toepaslike ordinansie van die Kerkorde. Die kontrolelys kan dus gebruik word om seker te maak dat die regte volgorde in die proses gevolg word en dat elke stap in die proses aandag gekry het en suksesvol afgehandel is.

Ons vertrou dat hierdie dokument vir u van hulp sal wees. Indien u vrae het, is u steeds welkom om die Bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum, mnr Johan Hattingh, of die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dr Wouter van Wyk, te kontak.

Beste wense,

**Dr WC van Wyk**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***
***Namens Skriba: Ds JM Bevolo-Manders***

082 339 2332
wouter@nhk.co.za